(2) In die geval van 'n perseeleelot wat nie met 'n straatriool verbind is nie, word die gelde wat by Deel III van hierdie Bylae gehef word, van krag op die datum waarop 'n perseeleelot in opdrag van die Raad met 'n straatriool verbind moet word, of waarop die perseeleelot inderdaad met 'n straatriool verbind word, watter datum ook al die vroegste is.

5. Indien 'n gebou gedeeltelik geokkupeer word voordat dit voltooi is, word die helfte van die gelde wat ingevolge Deel III van hierdie Bylae daarop van toepassing is, vir 'n tydperk van drie kalendermaande van die datum af waarop dit die eerste geokkupeer is gehef, maar daarna moet genoemde gelde ten volle betaal word.

6. Die gelde wat by Deel III van hierdie Bylae gehef word bly, in die geval van gehoue wat heeltemal leeg staan of gesloop word, van krag tot op die datum waarop die Raad gevra word om die betrokke opening na die Raad se straatriool te verseel.

7. Ingeval daar 'n verandering, uitgesonderd 'n verandering soos die waarna daar in reël 6 verwys word, plaasvind in die aard van die okupasie of die gebruik van 'n perseeleelot en so 'n verandering meebring dat 'n ander tarief inge-

volge hierdie Bylae daarop van toepassing gemaak moet word,oorweeg die Raad geen eis vir die aanswiwing van 'n rekening wat reeds gelewer is of vir die terugbetaling van geld wat betaal is ingevolge hierdie Bylae nie tensy die Raad binne dertig dae nadat so 'n verandering plaasgevind het, skriftelik daarvan in kennis gestel is.

8. In die geval van persele of plekke wat met die Raad se straatrooil verbind is en wat nie ressorteer onder enigeen van die kategorieë wat in hierdie Bylae uiteengesit word nie, moet die geld wat die Raad vorder, met inagneming van die aard van die perseel, so na as moontlik ooreenstem met die bepalings van hierdie Bylae.

DEEL II

GELDE TEN OPSIGTE VAN BESKIKBARE STRAATRIOOLE

1. Vir die toepassing van hierdie Deel van hierdie Bylae beteken: "stuk grond" enige stuk grond wat in 'n aktekantoor geregistreer is as 'n erf, plot, standplaas, of ander gebied, of as 'n omskreve gedeelte, wat nie as 'n openbare plek bedoel is nie, van 'n stuk grond wat as 'n dorp geproklameer is.

2. Indien 'n stuk grond, of daar verbeterings daarop is of nie, verbind is met 'n straatrooil wat deur die Raad beheer word of na die mening van die Raad, met so 'n straatrooil verbind kan word moet die eienaar van die stuk grond iedere maand die bedrag soos hieronder uiteengesit, aan die Raad betaal:

(a) Grond wat alleenlik vir private doelendes bepaal is en gronde waarop publieke hospitale opgerig is:

Vir elke 100 m² oppervlakte of gedeelte daarvan, per maand: 65c: Met dien verstande dat die maksimum vordering nie R16,50 per maand oorskry nie.

(b) Grond waarop Gevangenis opgerig is:

Vir elke 100 m² oppervlakte of gedeelte daarvan, per maand: 65c: Met 'n minimum heffing van R345 per maand.

(c) Alle ander grond:

Vir elke 100 m² oppervlakte of gedeelte daarvan, per maand: 50c: Met dien verstande dat die maksimum vordering nie R215 per maand oorskry nie.

3. In gevalle waar verbeterings op enige sodanige stuk grond afsonderlik bewoon word in losstaande geboue, is hierdie tarief van toepassing op elke afsonderlik bewoonde gedeelte van so 'n stuk grond, sonder benadering van enige bepalings van die Raad se dorpsaanlegskema.

4. Vir die toepassing van hierdie tarief word die oppervlakte van enige afsonderlik bewoonde gedeelte van 'n stuk grond bepaal deur die oppervlakte van so 'n stuk grond te verdeel deur die aantal losstaande en afsonderlik bewoonde geboue daarop, én die kwosiént aldus verkry word geag die oppervlakte te wees van elke afsonderlik bewoonde gedeelte van so 'n stuk grond: Met dien verstande dat die bewoning van buitegeboue deur bona-fide huisbediendes nie beskou word as afsonderlike bewoning nie.

DEEL III

HUISHOUDELIKE RIOOLVUIL

Die eienaar van grond waarop, of geboue waarin daar perseelroostelsels is wat met die Raad se straatrooil verbind is, betaal, benevens die geld wat ingevolge ander Dele van

hierdie Bylae gevorder word, onderstaande geld:

Vir elke spoekloset of pan, urinaalpan of afskorting, per maand: R2

BYLAEC

GELDE VIR WERK

1. Verseëling van openings ingevolge artikel 14(3) per opening: R6

2. Oopmaak van verstopte perseelriole ingevolge artikel 17(5):

(1) WEEKDAE:

(a) Vir die eerste halfuur nadat daar met die werk begin is: R7

(b) Vir elke halfuur wat daarna gwerk word: R3,50

(2) SONDAE EN OPENBARE VAKANSIEDAE:

(a) Vir die eerste halfuur nadat daar met die werk begin is: R11

(b) Vir elke halfuur wat daarna gwerk word: R7

3. AANSLUITING BY STRAATRIOOL:

Ingevolge artikel 12(3), en (4): werklike koste plus 10 %.

4. Die eienaar van die eiendom waarop, of ten opsigte waarvan die werk ingevolge items 1, 2 of 3 verrig word, is aanspreeklik vir betaling van die geld wat vir die werk.

WAB ROWAN
Waarnemende Stadsklerk

Munisipale Kantoor

Posbus 33

Barberton

1300

31 Oktober 1984

Kennisgewing No 40/1984

BARBERTON TOWN COUNCIL

DETERMINATION OF CHARGES: DRAINAGE AND PLUMBING

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Barberton has, by special resolution, determined the tariff of charges as set out in the undermentioned Annexure, with effect from 1 July 1984.

ANNEXURE VI

(Applicable to the Barberton Municipality only)

SCHEDULE A

APPLICATION CHARGES

PART I

1. The charges set out in Part II of this Schedule shall be payable in terms of section 10(1) in respect of every application made in terms of section 5 and shall be paid by the person by or on behalf of whom the application is made.

2. The engineer shall assess the charges payable in respect of an application received in terms of section 5 in accordance with Part II, or in any special case as nearly as may be in ac-

cordanee therewith: Provided that any person aggrieved by any such assessment shall have the right to appeal in the manner prescribed in terms of section 3.

PART II

1. Minimum charge payable in respect of any application as aforesaid: R7,50

2. Subject to the obligation to pay a minimum charge as prescribed in item 1, the charges payable in respect of any application as aforesaid shall be the following:

(1) For every 46 m² or part thereof of the floor area of the basement and groundfloor storeys of any building to be served by, or the use of which will, whether directly or indirectly, be associated with the use of the drainage installation: R1,50

(2) For every 46 m² or part thereof of the floor area of all other storeys of a building as described in subitem (1): 75c

3. The charges payable in respect of any application for an alteration, not amounting to a reconstruction of, or for additions to, an existing drainage installation shall be the following:

For each storey of a building as described in item 2: R3,50

4. Charges payable in respect of every application made in terms of section 7(2): R3,50

SCHEDULE B

DRAINAGE CHARGES

PART I

GENERAL RULES REGARDING CHARGES

1. The charges set out in this Schedule shall in terms of section 9 be payable in respect of the Council's sewers and the owner of the property to which any charge relates shall be liable therefor.

2. Where any person who is required to furnish a return in terms of this Schedule or to provide such other information as may be necessary to enable the Council to determine the charges to be made under this Schedule fails to do so within thirty days after having been called upon to do so by notice, in writing, he shall pay such charges as the Council shall assess on the best information available to it.

3. In all cases of dispute as to the part or category of this schedule which is applicable or as to the date from which any part or category is applicable to any premises, the decision of the engineer shall be decisive subject to a right of the owner to appeal against the decision to the Committee of the Council appointed to administer these by-laws.

4.(1) In the case of premises already connected to a sewer, the charges imposed in terms of Parts II and III and in the case of premises not connected to a sewer the charges imposed in terms of Part II of this Schedule shall come into operation on the date of publication of these by-laws.

(2) In the case of premises not connected to a sewer the charges imposed in terms of Part III of this Schedule shall come into operation on the date on which the Council requires that a connection shall be made to a sewer or from the date when the premises are in fact connected to a sewer, whichever is the earlier.

5. Where any building is partially occupied before completion, charges shall be levied in respect of it at half the rates appropriate to it

in terms of Part III of this Schedule for a period of three calendar months after the date of the first occupation after which the said charges shall be paid in the full amount of the said rate.

6. The charges imposed in terms of Part III of this Schedule shall remain effective in the case of buildings wholly unoccupied or in the course of demolition until the date on which the Council is asked to seal the opening to the Council's sewer.

7. Where any change, other than a change as referred to in rule 6, is made in the nature of the occupation or the use of any premises which requires the application of a different tariff in terms of this Schedule, no claim for any adjustment of an account rendered or any refund of moneys paid in terms of the Schedule shall be entertained by the Council unless notice in writing of the change is given to the Council within thirty days of the date of its occurrence.

8. In the case of premises or places connected to the Council's sewer and not falling under any of the categories enumerated in this Schedule, the charge to be imposed by the Council shall, regard being had to the nature of the premises, correspond as closely as possible to the provisions of this Schedule.

PART II

CHARGES IN RESPECT OF SEWERS WHICH ARE AVAILABLE

1. For the purposes of this Part of this Schedule — "piece of land" means any piece of land registered in a deeds registry office as an erf, lot, stand or other area, or any defined portion, not intended as a public place, of a piece of land proclaimed as a township.

2. Where a piece of land, whether or not there are improvements thereon, is or, in the opinion of the Council, can be connected to any sewer under the control of the Council, the owner of that piece of land shall pay to the Council every month the charges specified hereunder:

(a) Land zoned for private residential purposes only and land on which public hospitals have been erected:

For every 100 m² or portion thereof, per month: 65c: Provided that the maximum charge shall not exceed R16.50 per month.

(b) Land on which prisons have been erected:

For every 100 m² or portion thereof, per month: 65c: With a minimum charge of R345 per month.

(c) All other land:

For every 100 m² or portion thereof, per month: 50c: Provided that the maximum charge shall not exceed R215 per month.

3. In cases where improvements on any such piece of land are in separate occupation in detached buildings, this tariff shall apply to each portion of such piece of land in separate occupation, without prejudice to any provisions of the Council's town-planning scheme.

4. For the purposes of this tariff the area of any portion of a piece of land shall be determined by dividing the area of such piece of land by the number of detached buildings in separate occupation thereon, and the quotient thus obtained shall be deemed to be the area of each portion of such piece of land in separate occupation: Provided that the occupation of outhouses by bona fide domestic servants shall not be deemed as separate occupation.

PART III DOMESTIC SEWAGE

The owner of any land of buildings having a drainage installation thereon which is connected to the Council's sewer shall be liable to pay the following charges in addition to the charges imposed in terms of other Parts of this Schedule:

For every water closet or pan, urinal pan or compartment: R2

SCHEDULE C

WORK CHARGES

1. Sealing of openings in terms of section 14(3) per opening: R6

2. Removing drainage installation blockages in terms of section 17(5):

(1) ON WEEKDAYS:

(a) For the first half-hour after work has commenced: R7

(b) For every half-hour of work thereafter: R3.50

(2) ON SUNDAYS AND PUBLIC HOLIDAYS:

(a) For the first half-hour after work has commenced: R11

(b) For every half-hour of work thereafter: R7

3. PROVIDING CONNECTIONS TO SEWERS:

In terms of section 12(3) and (4): Actual cost plus 10%.

The owner of the property in respect of which the work in terms of items 1, 2 or 3 is done shall be liable for the payment of work charges."

W A B ROWAN
Acting Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 33
Barberton
1300
31 October 1984
Notice No 40/1984

1526—31

STADSRAAD VAN BRAKPAN

VASSTELLING VAN TARIEF VIR JAARLIKSE HONDEBELASTING

Hiermee word ooreenkomsdig artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Brakpan by spesiale besluit die tarief vir jaarlikse Hondebelasting vasgestel het soos uiteengesit in bylae, met ingang 1 Julie 1984.

BYLAE

JAARLIKSE HONDEBELASTING

1. Honde wat, na die mening van die persoon wat aangestel is om lisensies uit te reik, van die windhondfamilie of van dergelyke soort is, per kalenderjaar of gedeelte daarvan, per erf, standplaas, landbouhoeve of grond:

(1) Reuns en gesteriliseerde tewe:

(a) Vir die eerste reun of gesteriliseerde teef: R20.00.

(b) Vir elke bykomende hond: R30.00.

(2) Ongesteriliseerde tewe:

(a) Vir die eerste ongesteriliseerde teef R40.00.

(b) Vir elke bykomende ongesteriliseerde teef R50.00.

2. Honde waarop die bepalings van item 1 nie van toepassing is nie, per kalenderjaar of gedeelte daarvan per erf, standplaas, landbouhoeve of grond:

(1) Reuns en gesteriliseerde tewe:

(a) Vir die eerste reun of gesteriliseerde teef R10.00.

(b) Vir elke bykomende reun of gesteriliseerde teef: R20.00.

(2) Ongesteriliseerde tewe:

(a) Vir die eerste ongesteriliseerde teef: R30.00.

(b) Vir elke bykomende ongesteriliseerde teef: R50.00.

3. Vir 'n gesteriliseerde teef moet 'n sertifikaat van 'n veearts, ten effekte dat sodanige teef gesteriliseer is, voorgeleë word.

G E SWART
Stadsklerk

Munisipale Kantore .

Posbus 15

Brakpan

31 Oktober 1984

Kennisgewing No 340/1984

TOWN COUNCIL OF BRAKPAN

DETERMINATION OF TARIFF FOR ANNUAL DOG TAX

Notice is hereby given in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Brakpan determined by special resolution the tariff for annual Dog Tax as set out in the Schedule with effect from 1 July 1984.

SCHEDULE

ANNUAL DOG TAX

1. Dogs, which in the judgement of the person appointed to issue licences, are of the greyhound strain or of a similar kind, per calender year or part thereof, per erf, stand or agricultural holding or farm:

(1) Male dogs and spayed bitches:

(a) For each male dog or spayed bitch: R20.00.

(b) For each additional male dog or spayed bitch: R30.00.

(2) Unspayed bitches:

(a) For the first unspayed bitch: R40.00.

(b) For each additional unspayed bitch: R50.00.

2. Dogs to which the provisions of item 1 do not apply, per calender year or part thereof, per erf, stand or agricultural holding or farm:

(1) Male dogs and spayed bitches:

(a) For the first male dog or spayed bitch: R10.00.

(b) For each additional male dog or spayed bitch: R20.00.

(2) Unspayed bitches:

(a) For the first unspayed bitch: R30.00.

(b) For each additional unspayed bitch: R50,00.

3. In respect of a spayed bitch a certificate issued by a veterinary surgeon to the effect that such bitch has been spayed, shall be submitted.

G E SWART
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 15
Brakpan
31 October 1984
Notice No 340/1984

1527-31

STADSRAAD VAN BRAK PAN

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE BRAK PAN-DORPSBEPLANNINGSKEMA 1980, WYSIGINGSKEMA 52

Die Stadsraad van Brakpan het 'n ontwerp-wysigingskema opgestel wat bekend sal staan as Wysigingskema 52.

Hierdie skema sal 'n wysigingskema wees van die Brakpan-dorpsbeplanningskema, 1980, en bevat die volgende voorstelle:

Die hersonering van Erf 191, Anzac Uitbreiding 1, Brakpan van "padreservé" na "Speesiaal" vir speelgronddoeleindes wat tot gevolg sal hê dat die erf vir speelgronddoeleindes gebruik sal kan word.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae te Kamer 12, Stadhuis, Kingswaylaan, Brakpan, vir 'n tydperk van vier weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing af, naamlik 31 Oktober 1984.

Enige beswaar of vertoë in verband met hierdie skema moet skriftelik aan die Stads-klerk, Posbus 15, Brakpan binne 'n tydperk van vier weke van bogenoemde datum af voorgeleë word, dit wil sê nie later nie as 29 November 1984.

G E SWART
Stadsklerk

31 Oktober 1984
Kennisgewing No 329/1984

TOWN COUNCIL OF BRAK PAN

PROPOSED AMENDMENT OF THE BRAK PAN TOWN-PLANNING SCHEME 1980, AMENDMENT 52

The Town Council of Brakpan has prepared a draft amendment scheme to be known as Amendment Scheme 52.

This scheme will be an amendment scheme to the Brakpan Town-planning Scheme, 1980, and contains the following proposals:

The rezoning of Erf 191, Anzac Extension 1, Brakpan from "road reserve" to "Special" for playground purposes which will have the effect that the erf may be used for playground purposes.

Particulars of this scheme are open for inspection at Room 12, Town Hall Building, Kingsway Avenue, Brakpan, for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is 31 October 1984.

Any objection or representations in connection with this scheme shall be submitted in writing to the Town Clerk, PO Box 15, Brakpan, within a period of four weeks from the abovementioned date, i.e. not later than 29 November 1984.

G E SWART
Town Clerk

31 October 1984
Notice No 329/1984

STADSRAAD VAN CHRISTIANA

WYSIGING EN VASSTELLING VAN GELDE VIR SANITÉRE- EN VULLISVER-WYDERING: NAGVUIL

Daar word hierby kennis gegee ingevolge die bepalings van artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), dat die Stadsraad van Christiana by spesiale besluit, die vasstelling van gelde betaalbaar vir die verwydering van nagvuil, gewysig het.

Die algemene strekking van die wysiging is om voorseening te maak vir 'n verlaging van die tarief vir die verwydering van nagvuil.

Die wysiging van die vasstelling van gelde tree in werking op 1 November 1984.

Afskrifte van die wysiging van die vasstelling van gelde lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Municipale Kantore, Christiana, vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen die wysiging van die vasstelling van gelde wil maak, moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne veertien (14) dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

A J CORNELIUS
Stadsklerk

Municipale Kantoor
Posbus 13
Christiana
2680
31 Oktober 1984
Kennisgewing No 24/1984

TOWN COUNCIL OF CHRISTIANA

AMENDMENT AND DETERMINATION OF CHARGES FOR SANITARY AND REFUSE REMOVALS: NIGHT-SOIL

Notice is hereby given in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), that the Town Council of Christiana has by special resolution amended the determination of charges payable for the removal of Night-soil.

The general purport of the amendment is to make provision for a decrease of the tariff for the removal of Night-soil.

The amendment to the determination of charges shall come into effect as from the 1 November 1984.

Copies of the amendment to the determination of charges will lie for inspection during office hours at the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Christiana, for a period of fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person desirous of objecting to the amendment to the determination of charges, should do so in writing to the Town Clerk, within fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

A J CORNELIUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 13
Christiana
2680
31 October 1984
Notice No 24/1984

STADSRAAD VAN CHRISTIANA

WYSIGING VAN KAMPEERVERORDENINGE

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Christiana voornemens is om die Kampeerverordeninge deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1577 van 3 September 1975, soos gewysig, verder te wysig.

Die algemene strekking van die wysigings is:

1. beperking op die aantal persone per woon-wastaanplek
2. 'n minimum tydperk vir besprekings en
3. om die snelheidsperk te wysig.

Afskrifte van hierdie wysigings lê ter insae by die kantoor van die Stadsklerk vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf die datum van hierdie publikasie in die Offisiële Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken moet dit skriftelik by die ondergetekende doen voor 14 November 1984.

A J CORNELIUS
Stadsklerk

Municipale Kantore
Posbus/Telefoon 13
Christiana
2680
31 Oktober 1984
Kennisgewing No 25/1984

TOWN COUNCIL OF CHRISTIANA

AMENDMENT TO CAMPING BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Christiana intends to amend the Camping By-laws published under Administrator's Notice 1577 of 3 September 1975, as amended.

The general purport of the amendments is:

1. to restrict the number of persons per caravan site
2. the minimum period for reservation and
3. to amend the speed limit.

Copies of these amendments are open for inspection at the office of the Town Clerk for a period of fourteen (14) days from date of publication hereof in the Official Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said amendments are required to do so in writing to the undersigned before 14 November 1984.

A J CORNELIUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box/Telephone 13
Christiana
2680
31 October 1984
Notice No 25/1984

1530-31

PLAASLIKE BESTUUR VAN GERMISTON

KENNISGEWING VAN EERSTE SITTING VAN WAARDERINGSRAAD OM BE-SWARE TEN OPSIGTE VAN VOORLO-PIGE AANVULLENDE WAARDERINGS-LYS VIR DIE BOEKJARE 1983/1984 AAN TE HOOR

Kennis word hierby ingevolge artikel 37 van die Ordonnansie op eiendomsbelasting van

Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977) gegee dat die eerste sitting van die Waarderingsraad op 16 November 1984 om 08h30 sal plaasvind en gehou sal word by die volgende adres:

Konferensiekamer
Eerste Vloer
Samie Sentrum
h/v Queen- en Spilsburystraat
Germiston

om enige beswaar tot die voorlopige aanvulende waarderingslys vir die boekjare 1983/1984 te oorweeg.

C VERHAGE
Sekretaris: Waarderingsraad
31 Oktober 1984
Kennisgewing No 177/1984

LOCAL AUTHORITY OF GERMISTON

NOTICE OF FIRST SITTING OF VALUATION BOARD TO HEAR OBJECTIONS IN RESPECT OF PROVISIONAL SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1983/1984

Notice is hereby given in terms of section 37 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the first sitting of the Valuation Board will take place on 16 November 1984 at 08h30 and will be held at the following address:

Conference Room
First Floor
Samie Centre
c/o Queen and Spilsbury Streets
Germiston

to consider any objection to the provisional supplementary valuation roll for the financial years 1983/1984.

C VERHAGE
Secretary: Valuation Board
31 October 1984
Notice No 177/1984

1531-31

STAD GERMISTON

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE GERMISTONSE DORPSBEPLANNINGSKEMA 1

Die Stadsraad van Germiston het 'n wysigingsontwerp dorpsbeplanningskema opgestel wat Dorpsbeplanningskema 1 sal wysig.

Hierdie ontwerpskema bevat die volgende voorstel:

1. Die wysiging van die gebruiksindeeling van die Erf 550 dorp Germiston van "Bestaande Straat" tot "Spesiale doeleindes" soos hieronder beskryf.

1.1. Die wysiging van die gebruiksindeeling van Gedeelte van Erf 621 dorp Germiston, bekend as die Germiston Kleuterskool, van "Algemeen" en "Bestaande Straat" tot "Spesiale doeleindes" soos hieronder beskryf.

1.2. Die wysiging van die gebruiksindeeling van Gedeelte van Erf 621 dorp Germiston, bekend as 'n gedeelte van Marketstraat, van "Bestaande Straat" tot "Spesiale doeleindes" soos hieronder beskryf.

1.3. Die wysiging van die gebruiksindeeling van Gedeelte van Erf 621 dorp Germiston, bekend as Parkweg, van "Bestaande Straat" tot "Spesiale doeleindes" soos hieronder beskryf.

1.4. Die wysiging van die gebruiksindeeling van Gedeelte van Erf 621 dorp Germiston, bekend as Elandspark, van "Openbare Oop Ruimte" tot "Spesiale doeleindes" soos hieronder beskryf.

"Spesiale doeleindes" om die volgende gebruik toe te laat:

Woongeboue, Winkels, Kantore, Restaurante, Kafees, Hotelle onder die Drankwet, 1928, gelisenseer, Parkering, Perchloroethyleneproses Droogsokoonmaakeenhede (onderworpe aan enige voorwaarde wat die Raad mag goed ag), Geselligheidsale, Ondergrondse plekke, Vermaakklike plekke en Mediese Klinike.

Geregistreerde Eienaar: Stadsraad van Germiston.

Besonderhede en planne van hierdie skema lêter insae by die Raad se kantore, Kamer 115, Stadskantore, Presidentstraat, Germiston, gedurende gewone kantoorure vir 'n tydperk van vier (4) weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 31 Oktober 1984.

Die Raad sal dié skema oorweeg en besluit of dit aangeneem moet word al dan nie.

Enige eienaar of okkuperdeer van vaste eiendom binne die gebied van die Germistonse Dorpsbeplanningskema 1 of binne 2 km van die grens daarvan het die reg om teen die skema beswaar te maak of om vertoe ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die Raad binne vier (4) weke van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 31 Oktober 1984 skriftelik van sodanige beswaar of vertoe in kennis stel en vermeld of hy deur die Raad gehoor wil word al dan nie.

A W HEYNEKE
Stadssekretaris

Stadskantore
Germiston
31 Oktober 1984
Kennisgewing No 174/1984

CITY OF GERMISTON

PROPOSED AMENDMENT TO THE GERMISTON TOWN-PLANNING SCHEME 1

The City Council of Germiston has prepared a draft amendment town-planning scheme which will amend Town-planning Scheme 1.

The draft scheme contains the following proposal:

1. The amendment of the use zoning of Erf 550 Germiston Township from "Existing Street" to "Special" purposes as detailed below.

1.1. The amendment of the use zoning of Portion of Erf 621 Germiston Township known as the Germiston Crèche from "General" and "Existing Street" to "Special" purposes as detailed below.

1.2. The amendment of the use zoning of Portion of Erf 621 Germiston Township, known as a portion of Market Street, from "Existing Street" to "Special" purposes as detailed below.

1.3. The amendment of the use zoning of Portion of Erf 621 Germiston Township, known as a portion of Park Road, from "Existing Street" to "Special" purposes as detailed below.

1.4. The amendment of the use zoning of Portion of Erf 621 Germiston Township known as Elandspark, from "Public Open Space" to "Special purposes" as detailed below.

"Special purposes" to permit the following uses:

Residential Buildings, Shops, Offices, Restaurants, Cafe's, Hotels licenced under the Liquor Act, 1928, Parking, Perchloroethylene process Dry Cleaning Units (subject to such conditions as the Council considers fit), Social Halls, Places of Instruction, Places of Amusement and Medical Clinics.

Registered Owner: City Council of Germiston.

Particulars and plans of this scheme are open for inspection at the Council's Offices, Room 115, Municipal Building, President Street, Germiston, during normal office hours, for a period of four (4) weeks from the date of the first publication of this notice, which is 31 October 1984.

The Council will consider whether or not the scheme should be adopted.

Any owner or occupier of immovable property within the area of the Germiston Town-planning Scheme 1 or within 2 km of the boundary thereof has the right to object to the scheme or to make representations in respect thereof and if he wishes to do so he shall, within four (4) weeks of the first publication of this notice, which is 31 October 1984 inform the Council in writing of such objection or representation and shall state whether or not he wishes to be heard by the Council.

A W HEYNEKE
Town Secretary

Municipal Offices
Germiston
31 October 1984
Notice No 174/1984

1532-31-7

PLAASLIKE BESTUUR VAN HENDRINA

KENNISGEWING VAN EERSTE SITTING VAN WAARDERINGSRAAD OM BE-SWAAR TEN OPSIGTE VAN VOORLO-PIGE WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJARE 1984/1988 AAN TE HOOR.

(Regulasie 9)

Kennis word hierby ingevolge artikel 15(3)(b)/37* van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die eerste sitting van die waarderingsraad op 19 November 1984 om 9h00 sal plaasvind en gehou sal word by die volgende adres:

Munisipale Kantore
Kerkstraat
Hendrina

om enige beswaar tot die voorlopige waarderingslys vir die jare 1984/88 te oorweeg.

J G A DU PREEZ
Sekretaris: Waarderingsraad
31 Oktober 1984

LOCAL AUTHORITY OF HENDRINA NOTICE OF FIRST SITTING OF VALUATION BOARD TO HEAR OBJECTIONS IN RESPECT OF PROVISIONAL VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1984/88.

(Regulation 9)

Notice is hereby given in terms of section 15(3)(b)/37* of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the first sitting of the valuation board will take place on 19 November 1984 at 9h00 and will be held at the following address:

Municipal Office
Church Street
Hendrina

to consider any objection to the provisional valuation roll for the financial years 1984/88.

J G A DU PREEZ
Secretary: Valuation Board
31 October 1984

1533-31

STAD JOHANNESBURG

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 80B(8) VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, 1939 (ORDONNANSIE 17 VAN 1939) — WYSIGING VAN DIE VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE VERSKAFFING VAN INLIGTING AAN DIE PUBLIEK EN ALLERLEI GELDE

Hierby word ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, kennis gegee dat die vasstelling van geldie ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vir die Verskaffing van Inligting aan die Publiek en Allerlei Gelde, gepubliseer in Provinciale Koerant 4188 gedateer 3 Februarie 1982, hierby vanaf 1 November 1984 verder gewysig word deur subitem (3) van item 2 deur die volgende te vervang:

"(3) Vir die munisipale waardasie van 'n eiendom of die naam of adres van die eienaar daarvan of die datum waarop verbeterings op belasbare eiendom vir die eerste keer gewaardeer is of vir enige twee of meer van hierdie items inligting met betrekking tot een eiendom: 0,50."

H H S VENTER
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 1049
Johannesburg
31 Oktober 1984
Kennisgewing No 380/1984

CITY OF JOHANNESBURG

NOTICE IN TERMS OF SECTION 80B(8) OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, 1939 (ORDINANCE 17 OF 1939) — AMENDMENT TO DETERMINATION: CHARGES FOR THE SUPPLY OF INFORMATION TO THE PUBLIC AND MISCELLANEOUS CHARGES

It is hereby notified in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the determination of charges in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, for the Supply of Information to the Public and Miscellaneous Charges, published in Provincial Gazette 4188 dated 3 February 1982, is hereby further amended with effect from 1 November 1984 by the substitution for subitem (3) of item 2 of the following:

"(3) For the municipal valuation of a property or the name of address of the owner thereof or the date when improvements on rateable property were valued for the first time or for any two or more of these items of information relating to one property: 0,50."

H H S VENTER
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 1049
Johannesburg
31 October 1984
Notice No 380/1984

1534—31

STAD JOHANNESBURG

PLAASLIKE BESTUUR VAN JOHANNESBURG: AANVULLENDE WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJAAR 1983/1984

Hiermee word ingevolge artikel 37 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), bekend gemaak dat die aanvullende waarderingslys vir die boekjaar 1983/84 van al die belasbare eiendom binne die munisipaliteit, gertifiseer en geteken is deur die voorsitter van die waarderingsraad en dat dit dus finaal

en bindend is op alle betrokke persone wat in artikel 37 van daardie Ordonnansie beoog word.

Nietemin word die aandag op artikel 17 of 38 van die genoemde Ordonnansie gevlestig wat bepaal:

"Reg van appèl teen beslissing van waarderingsraad.

17.(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van die publikasie in die Provinciale Koerant van die kennisgewing in artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepalings van artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die procedure soos voorgeskryf in te dien en sodanige sekretaris stuur onverwyd 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerdeer en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op dergelyke wyse, teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan by die sekretaris van die waarderingsraad verkry word.

A J VAN BUREN-SCHELE
Sekretaris: Waarderingsraad

Sde Verdieling
Burgersentrum
Braamfontein
2001
31 Oktober 1984

CITY OF JOHANNESBURG

LOCAL AUTHORITY OF JOHANNESBURG: SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEAR 1983/1984

Notice is hereby given in terms of section 37 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the supplementary valuation roll for the financial year 1983/1984 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the valuation board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in section 37 of that Ordinance.

However, attention is directed to section 17 or 38 of the said Ordinance, which provides as follows:

"Right of appeal against decision of valuation board.

17.(1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in section 15(4), may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector within thirty days from the date of the publication in the Provincial Gazette of the notice referred

to in section 16(4)(a) or, where the provisions of section 16(5) are applicable, within twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and to the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a valuation board may, in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the secretary of the valuation board.

A J VAN BUREN-SCHELE
Secretary: Valuation Board

5th Floor
Civic Centre
Braamfontein
2001
31 October 1984

1535—31

STAD JOHANNESBURG

VOORGESTELDE SLUITING EN VERKOOP VAN PARK EN WYSIGING VAN DIE JOHANNESBURGSE DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1979 (WYSIGINGSKEMA 1273)

Hiermee word ingevolge artikel 68 saamgelees met artikels 67(3) en 79(18)(b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, en artikel 26 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg voornemens is om 'n gedeelte van die park wat op Standplaas 556, Linden, op die hoek van Eerste Straat en Vyfde Laan, Linden, geleë is, permanent te sluit en van "Openbare oop Ruimte" na "Residensiel 1" te hersoneer en om sodanige geslotte gedeelte aan die eienaar van die aangrensende Gedeelte 2 van Standplaas 292, Linden, te verkoop.

'n Ontwerp-dorpsbeplanningskema, wat as die Johannesburgse Wysigingskema 1273 bekend sal staan, is opgestel. Die uitwerking van hierdie skema is om die gedeelte wat dit die voorneme is om te hersoneer met die aangrensende Gedeelte 2 van Standplaas 292 te konsolideer. Die ontwerpskema is in Kamer 771, Sewende Verdieling, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, ter insae vir 'n tydperk van vier weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 31 Oktober 1984.

Enige besware of vertoë in verband daarmee moet binne 'n tydperk van vier weke vanaf bogenoemde datum, naamlik 28 November 1984 skriftelik by die Stadsklerk, Posbus 1049, Johannesburg, 2000, ingediend word.

'n Plan van die parkterrein wat gesluit en verkoop gaan word kan gedurende gewone kantoorture in Kamer S212, Tweede Verdieling, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, besigtig word. Enige beswaar teen die voorgestelde sluiting en/of verkoop van die park moet op of voor 31 Desember 1984 by die Stadssekretaris, Posbus 1049, Johannesburg, 2000, ingediend word.

H H S VENTER
Stadsklerk

31 Oktober 1984

CITY OF JOHANNESBURG

PROPOSED CLOSING AND SALE OF PARK AND AMENDMENT TO JOHANNESBURG TOWN-PLANNING SCHEME, 1979 (AMENDMENT SCHEME 1273)

Notice is hereby given in terms of section 68, read with section 67(3) and 79(18)(b), of the Local Government Ordinance, 1939, and section 26 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the City Council of Johannesburg intends to close permanently, and rezone from "Public Open Spaces" to "Residential 1", a portion of the park situate on Stand 556, Linden, at the corner of First Street and Fifth Avenue, Linden, and to sell such closed portion to the owner of the adjoining Portion 2 of Stand 292, Linden.

A draft town-planning scheme, to be known as Johannesburg Amendment Scheme 1273, has been prepared. The effect of this scheme is to consolidate the portion proposed to be rezoned with the adjoining Portion 2 of Stand 292. The draft scheme will be open for inspection at Room 771, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is 31 October 1984.

Any objection or representations in regard thereto shall be submitted in writing to the Town Clerk, PO Box 1049, Johannesburg, 2000, within a period of four weeks from the abovementioned date, namely, 28 November 1984.

A plan of the park site to be closed and sold may be inspected during ordinary office hours at Room S212, Second Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg. Any objection to the proposed closing and/or sale of the park must be lodged with the City Secretary, PO Box 1049, Johannesburg, 2000, on or before 31 December 1984.

H H S VENTER
Town Clerk

31 October 1984
1536-31-7

DORPSRAAD VAN KINROSS

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE VERWYDERING VAN VASTE AFVAL

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Kinross, by spesiale besluit, die gelde vir die verwydering van vaste afval, gepubliseer in Provinciale Koerant 4294 van 23 November 1983, gewysig het deur die Tarief van Gelde onder die Bylae met ingang 1 Julie 1984 te wysig deur in item 1(1)(b) die syfer "R4.75" deur die syfer "R5.50" te vervang.

A G SMITH
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 50
Kinross
2270
31 Oktober 1984

KINROSS VILLAGE COUNCIL

AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CHARGES FOR THE REMOVAL OF REFUSE (SOLID WASTE)

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Kinross Village Council has, by special resolution, amended the charges for the removal of refuse (solid waste), published in Provincial Gazette 4294, dated 23 November 1983, by amending the Tariff of Charges under

the Schedule with effect from 1 July 1984 by the substitution in item 1(1)(b) for the figure "R4.75" of the figure "R5.50".

A G SMITH
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 50
Kinross
2270
31 October 1984

1537-31

LEEUDORINGSTAD MUNISIPALITEIT

WYSIGING VAN VERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Raad van voornemens is om die volgende verordeninge te wysig:

1. Standaardverordeninge betreffende honde.
2. Standaard bouverordeninge.
3. Verordeninge op rioleringstelsels en vakuumtenkverwyderings.

Die algemene strekking van hierdie wysigings is soos volg:

'n Verhoging van tariewe weens algemene kostestygings:

Afskrifte van hierdie wysigings lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien dae vanaf datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken moet dit skriftelik binne 14 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinciale Koerant, by die ondertekende doen.

J F EVERSON
Vir Stadsklerk

Munisipale Kantore
Leeudoringstad
31 Oktober 1984

LEEUDORINGSTAD MUNICIPALITY

AMENDMENT OF BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council intends amending the following by-laws:

1. Standard by-laws relating to dogs.
2. Standard Buildings by-laws.
3. Sewerage systems and vacuumtank removals by-laws.

The general purport of these amendments is as follows:

A raising of tariffs due to the general escalation of costs.

Copies of these amendments are open to inspection at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof.

Any person who desired to record his objection to the said amendments must do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J F EVERSON
For Town Clerk

Municipal Offices
Leeudoringstad
31 October 1984

1538-31

PLAASLIKE BESTUUR VAN NELSPRUIT

KENNISGEWING VAN EERSTE SITTING VAN WAARDERINGSRAAD OM BEWARE TEN OPSIGTE VAN VOORLOPIGE WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJARE 1982/85 AAN TE HOOR

(Regulasie 9)

Kennis word hierby ingevolge artikel 15(3)(b) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting op Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die eerste sitting van die Waarderingsraad op Vrydag 23 November 1984 om 09h00 sal plaasvind en gehou sal word by die volgende adres:

Raadsaal
Munisipale Kantoorgebou
h/v Voortrekker- en Louis Trichardstraat
Nelspruit

om enige beswaar tot die voorlopige waarderingslys vir die boekjare 1982/85 te oorweeg.

F A ELS

Sekretaris: Waarderingsraad
31 Oktober 1984
Kennisgewing No 66/1984

LOCAL AUTHORITY OF NELSPRUIT

NOTICE OF FIRST SITTING OF VALUATION BOARD TO HEAR OBJECTIONS IN RESPECT OF PROVISIONAL VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1982/85

(Regulation 9)

Notice is hereby given in terms of section 15(3)(b) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the first sitting of the Valuation Board will take place on Friday 23 November 1984 at 09h00 and will be held at the following address:

Council Chambers
Municipal Office Building
cnr Voortrekker- and Louis Trichard Streets
Nelspruit

to consider any objection to the provisional valuation roll for the financial years 1982/85.

F A ELS

Secretary: Valuation Board
31 October 1984
Notice No 66/1984

1539-31

STADSRAAD VAN PRETORIA

BEPALING VAN STILHOUPLEKKIE VIR PUBLIEKE VOERTUIE (BUSSE)

Ooreenkomsdig artikel 65bis(1)(b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Pretoria besluit het om die volgende stilhouplekke vir publieke voertuie (busse) te bepaal:

1. Aan die westekant van Bremerstraat, suid van Boekenhoutkloofstraat, tussen lamppale 44 en 45.

2. Aan die oostekant van Bremerstraat, suid van Boekenhoutkloofstraat, oorkant lamppaal 45.

3. Aan die noordekant van Stormvoëlweg, 30m oos van Klipspringerstraat.

Die betrokke Raadsbesluit waarin die stilhouplek aangetoon word, lê gedurende gewone kantoorure in Kamer 7026, Wesblok, Munitions, Van der Waltstraat, Pretoria, ter insae.

Enigiemand wat beswaar teen 'n stihouplek wil maak, word versoek om sy beswaar voor of op Vrydag 23 November 1984, skriftelik by die ondergetekende, Posbus 440, Pretoria 0001, in te dien.

P DELPORT
Stadsklerk

31 Oktober 1984
Kennisgewing No 294/1984

CITY COUNCIL OF PRETORIA

DETERMINATION OF STOPPING PLACES FOR PUBLIC VEHICLES (BUSES)

Notice is hereby given in accordance with section 65bis(1)(b) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), that the City Council of Pretoria resolved to cancel the following stopping places for public vehicles (buses) along Bremer Street, north of Wilhelm Street:

1. On the western side of Bremer Street, south of Boekenhoutkloof Street, between lampposts 44 en 45.

2. On the eastern side of Bremer Street, south of Boekenhoutkloof Street, opposite lamppost 45.

3. On the northern side of Stormvoëls Road, 30m east of Klipspringer Street.

The relative Council resolution showing the stopping places, will be open to inspection during normal office hours at Room 7026, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria.

Any person who wishes to object to a stopping place or places, must lodge his objection in writing with the undersigned, PO Box 440, Pretoria 0001, on or before Friday 23 November 1984.

P DELPORT
Town Clerk

31 October 1984
Kennisgewing No 294/1984

1540-31

STADSRAAD VAN PRETORIA

INTREKKING VAN STILHOUPLEKKIE VIR PUBLIEKE VOERTUIE (BUSSE)

